## 25 September Jeremia 13:1-11; (Teks: 13:11)

### *Eer God deur aan Hom verbind te wees*

Die Here wil hê sy kinders moet presies weet wat Hy verlang. Daarom gebruik Hy Jeremia om die Woord sigbaar voor hulle uit te beeld.

Jeremia moes 'n linnegordel of lendedoek om sy middellyf draai sodat almal hierdie versiersel kon sien. Gewoonlik was 'n lendegordel 'n pragtige, gekleurde strook materiaal om die middellyf waarmee gespog is, of wat as teken van rou gedien het. Almal kon sien dat daar in elk geval iets besonders gebeur het in hierdie mens se lewe.

Kort daarna kry Jeremia die opdrag om die linnegordel in 'n klipskeur te begrawe. Hierna was die gordel verweer en nutteloos.

Hiermee wil die Here aan sy kinders leer dat hulle soos 'n linnegordel om een se lyf aan Hom verbind moet wees om 'n versiering te wees. Slegs deur elke dag aan die Here verbind te wees deur Jesus Christus en die werking van sy Gees, straal God se genade só uit ons uit dat mense kan sien dat daar iets besonders in ons lewens gebeur het.

Die vraag is: Is jy ook elke dag aan die Here verbind soos 'n linnegordel aan 'n mens se lyf? Slegs naby, teenaan God, kan jy sieraad en versiersel van Hom wees. So nie, het die linne van jou lewe, wat God moet vereer, nutteloos geword.

Sing: Psalm 73:1

Ds. T.J. Potgieter (Bloemfontein-Noord)